LAERSKOOL IMPALA

WAARNEMEDE HOOF :
Mnr. W Jacobs

ADJUNKHOOF : Mnr. L van Rensburg

Posbus 11141
Aston Manor
1630

Telefoon: 970-3040
970-3041
Finansies: 975-0749
Faks: 975-1116
E-Pos: impala@impies.co.za

13 September 2017

SKOOLGELDE 2018

Geagte Ouers

Neem kennis van die skoolgelde vir 2018 soos vasgestel en bepaal op die Algemene Ouervergadering gehou op Dinsdag 12 September 2017 om 18:00 in die skoolsaal van Laerskool Impala.

Die volgende **resolusies** rakende die skoolgelde is geneem en almal is eenparig deur die vergadering aanvaar:

***Skoolfondsbetalende skool**
Laerskool Impala sal voortgaan om 'n Skoolfondsbetalende skool te wees soos uiteengesit in Artikels 38 en 39(1) van die S A Skole Wet.

***Impala Skoolgelde 2018**
R1100 per maand oor 'n 11 (elf) maande periode per leerder. Totale skoolgelde vir 2018: R12 100. Skoolgelde wat ten volle betaal word voor einde Januarie 2018 kwalifiseer vir 'n korting van R600. U eenmalige betaling is dan R11 500.

* **Impala Naskoolgelde 2018**
R730 per maand vir die 1ste kind en R680 per maand vir addisionele kind in die gesin.

* **Gr RRR – Gr R -Stralejakkers / Stralerakkers Skoolgelde 2018**
R1100 per maand vir halfdag Jakkers en R1830 per maand vir voldag Jakkers.

* **Stututêre verpligting**
Die betaling van skoolgelede is 'n statutêre verpligting en neem dus prioriteit voor alle ander gelde betaalbaar aan die skool. Gelde wat dus ontvang word sal eerstens vir skoolgeld ge-allokeer word alvorens deelname aan toere, sport, kultuur ens, meegemaak kan word. Die skoolgeld het ook voorkeur bo Naskool. Die skool sal ook geregtelike stappe neem teen agterstallige skoolgelde of die versuim met die betaling van skoolgelde. Die skool het ook die reg om enige inligting wat voorsien word te verifieer.

* **Vooruitbetaling van Skool-, Naskool en Gr RRR - Gr R gelde**
Alle skoolgelde is vooruitbetaalbaar. Ons besef egter dat dit nie altyd maklik is om 'n eerste skoolfonds- en/of naskool paaiement op 17 Januarie 2018 te betaal nie, aangesien dit in die middel van die maand is. Die Finansiële komitee het dit daarom goed gedink om die Januarie 2018 paaiement vir beide Skoolgeld; Gr RRR -Gr R gelde, asook Naskoolgelde betaalbaar te maak voor of op 6 Desember 2017.

Ons maak staat op u samewerking en glo en vertrou dat dit die probleem met laat betalings vir Januarie 2018 sal oplos. Die volgende betaling vir Februarie 2018 sal geskied voor of op 7 Februarie 2018 en daarna voor of op die 7de van elke maand. Die elfde en laaste betaling sal voor of op 7 November 2018 plaasvind.

'n Woord van dank aan al ons Impie-ouers wat hul skoolgelde getrou betaal. U maak dit vir ons moontlik om ons finansiële verpligtinge na te kom ten einde gehalte onderrig vir u kind te verseker.

Neem kennis dat Debietorder betalings ingefaseer is vanaf 2014. Ons doen 'n beroep op AL ons Impie-ouers om van die metode van betaling gebruik te maak. Nie net maak die betalingsmetode vir u dit makliker nie, maar help dit ons rakende veiligheid met minimum kontant by die skool. Debietorder dokumente is by die skool beskikbaar.

<u>Bankbesonderhede (Internetbetalings)</u>

Rekening	:	Laerskool Impala
Bank	:	ABSA
Takkode	:	630 542
Rek No	:	12 4085 0440

Faks bewys van betaling na 011 975 1116 of e-pos na finansies @impies.co.za **<u>alleenlik</u>** indien 'n betaling nie op u staat reflekteer nie of indien een betaling gemaak was, wat na verksillende items ge-allokeer moet wod. Dui bv. aan R1100 inbetaal. R880 na 0/9 Rugby en R670 na Naskool.

Onthou om u unieke rekeningnommer ten **<u>alle</u>** tye te meld.

Impiegroete

_____

W Jacobs (Waarnemende Skoolhoof)